**Marisa Botha en**
**Helize van Vuuren**
Marisa Botha doen doktorale navorsing oor die outobiografiese in Antjie Krog se oeuvre. Helize van Vuuren is professor in Afrikaanse & Nederlandse letterkunde aan die NMMU.
E-pos: marisa@webafrica.org.za; helize.vanvuuren@nmmu.ac.za

# Die enigmatiese aard van die trieksterfiguur in Ingrid Winterbach se *Niggie*

**The enigmatic nature of the trickster figure in Ingrid Winterbach's *Niggie***

This article explores the enigmatic nature of tricksters in Ingrid Winterbach's *Niggie* (Cousin, 2002), as manifested in everyday life through the supernatural and the unconscious (for instance in dreams). In this way some of the puzzling aspects of this magisterial novel are clarified. Early in *Niggie* the reader is confronted with a trickster figure in the form of a dream figure, the red haired woman with the little feather hat, who appears in the farmer's epiphanic dream. After tricking him, she leaves him with an intense sense of loss. This type of trickster figure is variously embodied and manifested throughout the novel in several other mysterious characters, adding to the *jouissance* or playfulness and ambiguity in the novel. It would appear that Winterbach as a South African author was inspired not only by tricksters from European mythology, but also by indigenous African, Khoi and San mythology. In this regard trickster figures from the Khoi and San as well as Nguni cultures are also discussed. These figures are, amongst others, the Mantis (/Kaggen), Heitsi-Eibeb, Uthlakanyana and Tokoloshe. **Key words:** Afrikaans Literature, Ingrid Winterbach, tricksters, South African mythology.

## Inleidend: trieksterfigure

In *Niggie* (2002) word fasette van goed en kwaad, lig en donker, in verskillende karakters weerspieël. Dié spel met lig en donker word ook in die beskrywings van die landskap gereflekteer. Verskeie enigmatiese elemente dra by tot die meerduidige en meervlakkige aard van die roman. Die belangrikste hiervan is gesetel in die verskillende trieksterfigure.

Die triekster is 'n mitologiese figuur. Noemio Canonici (1995: 7) verduidelik die herkoms van die term "triekster": "Having been originally entrusted with the creation or the organization of the world, his energies were later poured into sowing chaos in the very universe he had helped to order". Die trieksterfiguur kan dus gesien word as die "externalization of the perceived conflicts". Hy of sy is enigmaties want hul "actions reveal positive aspects, while also outrageously running counter to religious, social and ethical codes". Daar is verskeie trieksters in die Suid-Afrikaanse orale tradisie. Daar is die Venda of Noord-Sotho figuur van Huveane, 'n menslike triekster, die Zoeloe-triekster Uthlakanyana, en Zim, die wreedaard en kannibaal in die Xhosakultuur, om maar 'n paar te noem. Canonici (1995: 12) wys daarop dat die



04 Botha 03.pmd 48 7/24/2008, 2:22 PM

funksie van die triekster in verhale is om die luisteraar te vermaak: "The manifest function of trickster tales seems to be to entertain, while at the same time the characters' antics convey important points in social education and help in sharpening the children's minds to the dangers surrounding them in society".

Canonici (1995: 17) pas Vladimir Propp se terme oor intrige in volksverhale aan en pas dit toe op trieksterverhale: "False Contract à Fraud: Illusion, Deception and Substitution à Discovery à Flight and Pursuit à Escape à Gloat and Boast". Hierdie intrige gegewens kan ook op *Niggie* toegepas word. Die *false contract* kan verwys na kommandant Senekal wat vir Ben, Reitz, Willem en Abraham skynbaar help deur vir hul 'n kaart te gee na generaal Bergh sodat hulle aan hom 'n brief van Senekal kan oorhandig. Dit kan ook verwys na generaal Bergh wat hierdie verraderlike brief opskeur en voorgee asof hy vir hulle nog 'n kans gee. Die *fraud* (bedrog) deur illusie, misleiding en plaasvervanging dui op die opdrag wat hy aan Ben en Reitz gee om onder leiding van Gert Smal uit te voer, in plaas daarvan om hulle toe te laat om Abraham aan sy moeder in Ladybrand terug te besorg. Hulle ontdekking (*discovery*) kom te laat nadat hulle in 'n hinderlaag gelei word. Hierna vlug en ontsnap die triekster (in sy of haar vele gedaantes in *Niggie*) en spog oor sy of haar slimmigheid om hierdie mense uit te oorlê. Die slot van 'n trieksterverhaal kan opgesom word as: "Trickery comes to symbolize the success of brain over brawn, of small over big and powerful" (Canonici 1995: 1). In die algemene omgang en begrip, volgens die internet-ensiklopedie, *Wikipedia*, is 'n triekster in die studie van mitologie, godsdiens en orale vertellings die volgende:

> [A] trickster is a god, goddess, spirit or human hero who breaks the rules of the gods or nature, sometimes maliciously (for example, Loki) but usually with ultimately positive effects. Often, the rule-breaking takes the form of tricks (e.g. Eris) or thievery. Tricksters can be cunning or foolish or both; they are often funny even when considered sacred or performing important cultural tasks.

Die *Encyclopedia of Myths* brei op hierdie definisie uit: "Operating outside the framework of right and wrong, tricksters do not recognize the rules of society. Their characters and actions are far from simple, however. Often childish, greedy, lustful, and even nasty, tricksters can also be friendly, helpful, clever, and wise"

Regoor die wêreld en in verskeie kulture se volksverhale kom daar trieksters in een of ander gedaante, voor. In die Nederlandse en Franse volksverhale is daar Reynaerd de Vos (1481), in Keltiese mitologie is daar feetjies en natuurlik Puck, in Duitse volksverhale is daar Till Eulenspiegel (in Nederland bekend as Tijl Uilenspiegel), in Noorse mitologie is daar die bekende Loki en in Griekse mitologie is daar Hermes, Eris en Prometheus. Trieksters kom ook in moderne kultuur voor, byvoorbeeld die strokiesprent karakters Bugs Bunny en Jerry die muis van *Tom and Jerry*, Bart Simpson van die bekende animasie TV reeks The Simpsons, asook die karakter Kaptein Jack



04 Botha 03.pmd 49 7/24/2008, 2:22 PM

Sparrow van die film trilogie *Pirates of the Caribbean*. Die tipe triekster, die Dwaas het deur die eeue oorleef en word gesien op moderne speelkaarte as die Grapjas (die Joker).'n Triekster kan manlik of vroulik wees, van gedaante verwissel, bose of goeie intensies hê. Die triekster is ook 'n Jungiaanse argetipe. Ruth Finnegan (1976: 352) merk op oor die rol van die triekster in die samelewing: "The trickster is being presented as a kind of mirror-image of respectable human society, reflecting the opposite of the normally approved or expected character and behaviour".

Die magiese sjamans van Noord-Amerika kom ooreen met sekere elemente van trieksters. Hulle kombineer ook beide geslagte soos M. Ripinsky-Naxon opmerk (aangehaal in Hollimon 1997: 49): "shamans appear to combine in their persons the feminine (earth) and the masculine (heaven) principles [...] Consequently, such idividuals are viewed as intermediaries, the intercepting axis, between the heavenly and the worldly realms, a nexus for the divine and the human". Hierdie fenomeen lei tot B. Saladin D'Anglure (aangehaal in Hollimon, 1992: 18) se insig: "An individual who can straddle gender boundaries should be able to span all boundaries". Dit beklemtoon die omvangryke mag van die triekster in sommige kulture.

Die triekstervrou met die verehoedjie vind ook neerslag in populêre musiek oor die mistieke aard van die orale kultuur, soos in die liedjie "Freya Hannah: Mischievious song honoring the healing salve of Storytelling" van Kristi Cowles (1998):

Freya Hannah, Goddess of the wild moon
Freya Hannah, mistress of the earth womb.
Half wolf, half cat, feather coat, feather hat
Magic magic magic magic
Freya Hannah sails upon her long ship
With a moonbeam fastened to her left hip.
Half wolf, half cat, feather coat, feather hat
Magic magic magic magic

She sails on the wings of the night sky
Seeking manifesting questers of the dream time
Half wolf, half cat, feather coat, feather hat
Magic magic magic magic

Tis the night when spirits have their freedom
If you are turned, you can virtually see them
Half wolf, half cat, feather coat, feather hat
Magic magic magic magic

When Freya Hannah sails through your window



04 Botha 03.pmd 50 7/24/2008, 2:22 PM

In hierdie lied word die vrou geassosieer met *shape-shifting* of transmogrifikasie en is ′n "godin van die wilde maan", wat vere-klere dra en tegelyk half-wolf, half-kat is. Die vere (*feather coat, feather hat*) suggereer die vermoë om te vlieg en kreatiwiteit (vergelyk Breytenbach se Panus-figuur in *Om te vlieg*). Aansluitend by die taalspel in *Niggie,* en Abraham se versteurde omgang met taal, is ′n derde sterk motief in *Niggie* kreatiwiteit soos uitkom in drome via die onbewuste, maar ook in die roman as neerslag van die outeur se magiese skeppingskrag.. Freya Hannah staan in die teken van die magiese as deel van die geestesryk en verskyn aan dromers (*questers of the dream time).* Sy het oënskynlik veel in gemeen met *Niggie* se triekstervrou met die verehoedjie.

**Trieksterfigure in *Niggie* (2002)**

In *Niggie* manifesteer die triekster in verskeie karakters, manlik sowel as vroulik. Die boer aan die inset van die roman lei die trieksterelement in as hy vertel van sy erotiese droom oor die triekstervrou en deur sy vraag aan die besoekers: "Het een van julle al met die ou poetsbakker kennis gemaak? In een van sy of haar gedaantes?" (8). Die vrou met die verehoedjie kan moontlik skakel met Marais se gedig, "Die dans van die reën" waar "ons suster" op haar voorkop die "vuurpluim van die berggier" dra (in Brink 2000: 33). Die berggier suggereer iets soos ′n berghaan se glinsterende oranje of rooi vere (vergelyk "vuurpluim") maar ook met "′n flits van blougroen lig" in die hoedjie van die vrou. Marais se gedig put boonop uit die orale tradisie van die San waarin die triekster sterk figureer.

Een van die eerste gedaantes wat die triekster aanneem is dié van die geslepe, lafhartige kommandant Servaas Senekal. Hy laat Willem, Reitz en Ben toe om Abraham aan sy moeder in Ladybrand terug te besorg op voorwaarde dat hulle op pad soontoe ′n brief aan generaal Bergh oorhandig (17). Die reis neem egter langer as verwag en hul begin twyfel oor die akkuraatheid van Senekal se kaart: "Volgens berekening behoort hulle teen dié tyd al een van die bakens teëgekom het. So nie is hulle verdwaal. Of Senekal het hulle ′n streep getrek" (15). Wanneer hulle uiteindelik by generaal Bergh uitkom en die brief aan hom oorhandig, vind hul uit dat Senekal hul verraai het. In die brief staan dat "hulle drosters en kansvatters is, ′n ieder en ′n elk, en dat die generaal hulle ′n les moet leer en terugstuur na sy walaer" (70).

Alhoewel generaal Bergh ′n genadige en skynbaar eerbare man is, skeur hy die brief op, maar verhoed hulle om hul reis voort te sit. Hy verydel dus hul planne om die getraumatiseerde Abraham tuis te kry en in dié onsekere omstandighede vertoef hul feitlik tot die einde van die oorlog. Ben en Reitz kom byna om in ′n hinderlaag wat vermoedelik deur Swartpeet Petoors en Herman Hundt bedink is. Die rede vir dié vermoede is dat hulle dringend met Gert Smal wil praat en hul buig hul "koppe sameswerend saam" (169), voor hulle die generaal se opdrag aan Ben en Reitz oor-



04 Botha 03.pmd 51 7/24/2008, 2:22 PM

lewer. Uit dié geval blyk Petoors en Hundt ook trieksters te wees. Hulle herinner in hierdie opsig aan Niemann en veldkornet Voss (in Christoffel Coetzee se *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, 1998) wat saam met generaal Mannetjies Mentz strafekspedisies uitvoer.

Dit is ironies dat Smal wat saam met Hundt en Petoors ʼn komplot teen Ben en Reitz smee, noodlottig gewond word in die hinderlaag. Hy is gevolglik ook ʼn trieksterfiguur, maar sy onvoorsiene dood deur sy medestryders is moontlik toe te skryf aan sy lasterlike uitsprake teen die Boere. Die gebeurtenis van die lokval, agterdog en vyandigheid van die ander kampinwoners teenoor Ben-hulle, kan moontlik tot ʼn mate toegeskryf word aan Senekal se verraderlike brief.

Die triekster neem ʼn ander gestalte aan in die boer se droom van die "trieksteryrou" (7). Hy het altyd gedink die triekster is ʼn man, merk die boer op, maar in sy droom was dit ʼn vrou:

> Daar was ʼn klomp mense rondom die dorpskerk vergader. Hy het niemand herken nie. Toe sien hy ʼn vrou wat hy ken. Haar hare is rooi, haar gesig witgepoeier en sy dra ʼn verehoedjie. Hy kan nie begin, sê die boer, om die aanvalligheid van daardie hoedjie te beskryf nie. Dit was sag soos die vlerke van ʼn berghaan. Met ʼn flits van blougroen lig daarin. Hy en die vrou beweeg mettertyd weg van die mense, na ʼn kamer met ʼn bed. Toe dit blyk dat dit tyd vir saamlê is en hy strek sy arms na haar uit, toe is daar skielik in haar plek ʼn wildvreemde man, en sy lag buite op die stoep. Toe weet hy, dit was die triekster. (8)

Die trieksteryrou se gesig wat "witgepoeier" is, funksioneer as ʼn masker in die sin dat dit haar voorkoms ietwat verhul. Dit beklemtoon die vermoë van ʼn triekster om van gedaante te wissel. Die boer beskryf dié verehoedjie as "werklik iets besonders" (9). Philip John wys daarop dat ʼn "opmerklike aspek van die droom […] die manier (is) waarop ʼn oënskynlik onbelangrike element, naamlik die hoedjie, eintlik die belangrikste rol speel" (38). Die boer plaas nie klem op die teleurstelling wat hy ervaar wanneer die vrou wat hy begeer in ʼn man verander nie, maar op die verehoedjie. Dit is "amper asof die hoedjie kompenseer vir die teleurstelling" (John 2004: 38) en die negatiewe ervaring balanseer. John (2004: 39) merk op dat die verehoedjie in die plek staan van die "element wat die teks bied as hoop, troos of 'oplossing' vir die teleurstellings, pyn en lyding van die bestaan". Die feit dat die "hoop – die verehoedjie – in ʼn *droom* aan die boer verskyn, dui al klaar daarop dat dit nie deel is van die alledaagse wêreld nie. Dat dit in ʼn droom voorkom, verleen ook ʼn broos, vervlietende aard daaraan" (John 2004: 39).

Volgens Lady Stearn Robinson en Tom Corbett (1994: 148–9) se navorsing het die verskyning van vere in ʼn droom verskeie betekenisse. Die betekenis van ʼn verehoedjie lui as volg: "Ornamental feathers, or articles made of them, such as ostrich feather fans, boas, or feathered hats, indicate an increase in social popularity for a woman or



04 Botha 03.pmd 52 7/24/2008, 2:22 PM

personal power for a man". Die kleur van die vere, wat volgens die boer 'n blougroen "flits" in had (8), is ook van belang. Die kleur blou "indicates liberation from worry and/or help from outside sources" en die kleur groen "pertains to travel or news from a distance" (Robinson & Corbett 1994: 95).

In die interpretasie van drome is die konteks waarin die simbole verskyn veral belangrik. In die geval van die triekstervrou-drome, is die tradisionele betekenis van 'n verehoedjie nie van toepassing op die droom nie. Die kleure wat Winterbach gekies het is wel tot 'n mate toepaslik op dié drome. Die kleur blou verwys na hulp van buitestaanders, en kan dui op Niggie-hulle se hulp ná die hinderlaag en na Ben en Reitz se veilige verblyf op die plaas, waar hulle vry is van die alledaagse bekommernisse van lewe op kommando. Die kleur groen wat verwys na nuus van ver, kan dui op die nuus van Anna se man, Johannes se terugkoms en die reisaspek kan dui op Ben en Reitz se terugtog na Ben se tuisdorp (248).

Die simbool van die veer speel 'n belangrike rol in verskeie kulture regoor die wêreld en die betekenis van dié simbool verskil van kultuur tot kultuur. David Fontana wys daarop dat die veer 'n kardinale rol in die antieke Egiptiese religie en mitologie gespeel het:

> In the Egyptian belief the deceased was ceremonially judged by a panel of deities presided over by Osiris, the lord of the underworld. The heart of the deceased, which was believed to be the seat of truth, was weighed against a feather. If the scales balanced, the deceased passed into the blessed afterlife. But if the heart tipped the scales it was judged heavy with sin and was at once devoured by a monster. (Fontana 2003: 44)

In Noord-Amerika en Skotland simboliseer die veer die volgende: "For Native Americans, feathers symbolize the Great Spirit and the sun. For the Celts, a feathered cloak gave lightness, speed and an ability to visit other worlds" (Fontana 2003: 144). Die betekenis van die veer vir die Kelte ("an ability to visit other worlds") is van belang vir *Niggie*, waar die leser verplaas word van die hede na die Anglo-Boereoorlog tydperk en op magiese wyse ook 'n blik in die skaduryk verkry.

Ná hul die droom van die boer aangehoor het, manifesteer die triekstervrou ook in hulle drome. Reitz bly steeds onder die indruk van die boer se verhaal van "sy afgestorwe eggenote en van sy droom van die triekstervrou. Hy kan nie sê op watter manier die verhale by hom aanklank vind nie. Hy weet alleen dat hy daarvan onrustig word" (15). Hierdie gevoel is 'n moontlike voorafskaduwing van sy oorlede vrou en die skuldgevoel oor haar dood wat hom gaan inhaal, asook moontlik van hul toekomstige ontmoetings in die skaduryk. Dit kan selfs verwys na die begeerlike Niggie, in die rol van 'n triekster, wat haar opwagting in sy lewe gemaak het.

Op 'n ander stadium word daar weer verwys na die triekstervrou in die boer se droom: "Dit het begin met die boer se droom van die vrou met die verehoedjie, en dit



04 Botha 03.pmd 53 7/24/2008, 2:22 PM

het nie daar gebly nie" (68). Reitz droom, soos die boer, van die verleidelike triekstervrou: "Hy is nog beswymel van die diep voornagslaap, waarin 'n vrou hom allerliefs toegelag het en hulle op die punt was om hulle op 'n bed neer te vlei, nadat sy duidelik gesê het sy gaan hom om die bos lei" (68).

Die triekstervrou is egter nie net beperk tot die boer en Reitz se drome nie, selfs Ben droom van 'n vrou "met so 'n soort verehoedjie op" (157). Hy het die "idee gehad [...] dat sy 'n boodskapper was" (158). Hy vertel verwonderd: "'n Gewone vrou [...] maar toe ek haar omhels, toe is haar lyf ineens swart. Glinsterend swart. Swart soos swarthout" (158). Die kleur swart word geassosieer met die dood en in hierdie geval suggereer dit moontlik dat die dooie vrou hom na die doderyk lok. Lenelle Foster (2005: 79) merk op dat die kleur swart ook op 'n swart vrou kan dui en dat die triekster in hierdie opsig haar "slagoffers met haar geslag én met haar ras" verkul. Ben erken dat toe hy "by daardie vrou se lyf ingaan, was dit heerlik" (158). Op dié moment dink Reitz aan die oorlede Bettie Loots wat volgens Kosie se stories ook in swart geklee is. Ben brei verder uit: "Maar dis nie al nie [...] [w]ant die swart liggaam van daardie vrou was heerlik, maar dit was soos die liggaam van die dood. Dit was soos om by die dood in te gaan" (158). Hy gaan voort: "Dit was 'n versoeking, ou Reitz, soos ek nie vantevore beleef het nie [...] [d]it was 'n versoeking om my aan die dood oor te gee. Dit was asof die dood 'n uitweg was en 'n verlossing" (158). Na 'n ruk vra Reitz uit oor die verehoedjie: "was dit sulke vere wat glans in die son – soos op die vlerke van 'n voël? Of iets soos wat die boer die keer in sy droom beskryf het" (158)? Ben is verbaas oor die besef dat "ja, dit was" soos die boer in sy droom beskryf het (158).

Hier word fassinerende gegewe weergegee. Ben se droom is 'n moontlike voorafskaduwing van die hinderlaag waarin hy byna noodlottig gewond word. Dié hinderlaag is deur trieksterfigure beplan, wat koppel met die triekstervrou in sy droom. In die droom gee hy aan die versoeking van dié vrou se verleiding oor en dit is simbolies van sy oorgawe aan die dood wat in die droom as verlossing beskou word. Na regte moes hy dus omgekom het van sy skietwond, maar Niggie red sy lewe. In dié obskure opsig kan Niggie ook as 'n triekster gesien word, want sy het Ben se wens om te sterf in die wiele gery.

Die groep !Kora of "Gonnahottentotte", wat volgens Ben lankal uitgesterf is, oorhandig aan hulle 'n kaart. "Onverklaarbaar", sê Willem nadenkend, "[o]nverklaarbaar waar die mense aan die kaart gekom het" (22). Hulle bekyk later die kaart en "besluit dat dit enigiets kan beteken, dat hulle dit net sowel in goeie geloof kan aanvaar en kyk of dit mettertyd iets duideliker maak" (22). In alle waarskynlikheid dui die bostaande gegewens dat dié skynbaar uitgestorwe groep, trieksters is wat met die kaart Willem-hulle op 'n dwaalspoor lei en dit is hoe hulle by Gert Smal se opvangskamp uitkom.

Reitz se opmerkings dui ook op die waarskynlikheid dat dié groepie inheemse mense trieksters is en op die feit dat 'n triekster van gedaante kan verwissel – man,



04 Botha 03.pmd 54 7/24/2008, 2:22 PM

vrou, of dier: enigiets lewends. Die jong man met die mak meerkatjie, "wat sy gesig deurentyd half afgewend gehou het, kyk skielik op, en teen die kant van sy gesig, half oor sy gladde wang, sien Reitz vir 'n oomblik 'n klossie vere blink. Dieppers, rooigroen in die gloed van die laaste namiddag" (21). Reitz se vraag aan Ben oor dié man met die mak muishond (soos Ben die diertjie identifiseer het) herinner ook aan die feit dat die triekster van geslag kan verander: "Was dit nie dalk 'n vrou nie" (24)?

In die romanslot word 'n kringloop in Reitz se lewe voltooi. Hy kom die boer teë op wie se plaas hulle oornag het en Reitz vra hom of hy sy droom van die vrou met die verehoedjie onthou: "Die man kyk na hom met verwondering en sê: Ja, ja, hy onthou die droom. Hy kyk lank voor hom uit voor hy na Reitz draai en sê: 'Daardie hoedjie was werklik iets besonders'" (251).

'n Besoeker aan die plaas, Jan Buys, deel hulle mee dat die vredesonderhandelinge reeds in Pretoria begin het. Niggie praat soos gewoonlik uit haar beurt en verklaar: "Anna het dit lankal voorspel, nie 'n dag later as einde Mei nie" (204). Reitz dink onwillekeurig aan Oompie: "Dit is wat Oompie ook gesê het – Oompie of die afskuwelike, gepiekelde kop: die einde van Mei, en die stryd sal tevergeefs wees" (205).

Die trieksterstatus van Seun kom na vore in Reitz se koorsagtige drome wanneer hy by hul verlate, afgebrande kamp oornag. Hy droom dat "Seun die perd opgesaal het en weg is met haar. Hy droom Seun het 'n mak meerkatjie op sy arm. Seun lag skalks" (228). Een van die mense in die groepie !Kora van vroeër in die roman, skakel via die meerkatjie so met Seun. Seun het ook telkens vir Ben en Reitz by die rivier dopgehou en aan Gert Smal gerapporteer, en het in daardie opsig dus 'n bemiddelende rol gespeel in die triekster, Gert Smal, se aksies.

In die nag buk iemand oor hom en hy dink dit is Esegiël wat vir hom water aanbied. Hy vra vir Esegiël waar Seun is, maar kry geen antwoord nie (228). Dit is van belang dat Esegiël die rol van redder speel, soos sy Bybelse eweknie, maar terselfdertyd is dit ironies dat Esegiël nooit toegelaat is om met ander te kommunikeer nie en gevolglik nie met Reitz praat nie. Dit is natuurlik te sê as Esegiël werklik daar was en dit nie net 'n hersenskim was nie. Reitz word weer wakker met die wete dat hy die ander nie sal vind nie, maar dié keer het Seun saam met die ander spoorloos verdwyn.

Daar word 'n duidelike parallel getrek tussen die triekstervrou met die verehoedjie en die titelkarakter, Niggie. Die triekstervrou word beskryf met rooi hare, 'n witgepoeierde gesig en sy dra 'n verehoedjie, wat ooreenstem met Niggie se rooi hare, wit vel (187) en die verehoedjie wat sy dra wanneer sy Reitz vergesel na die plek waar hy en Ben in 'n hinderlaag gelei is: "Die vere flits skalks in die son. Soos die vere van 'n voël wat pronk" (217). Nóg 'n ooreenkoms is Niggie se groen rok wat met die blougroen vere van die triekstervrou se hoedjie ooreenstem. Reitz verwonder hom by kerslig aan Niggie "se vel, die gloed van haar ryk hare, haar droef-glinsterende oë, en die manier waarop die lig speel op haar rok, deursigtig groen soos waterkwarts" (179).



04 Botha 03.pmd 55 7/24/2008, 2:22 PM

Niggie se erkenning dat haar generiese naam nie haar regte naam is nie (178), lei die leser om te glo dat daar ʼn dubbelkantigheid, ʼn dubbele persoonlikheid aan Niggie se karakter is, wat sy moontlik met dié van die triekstervrou deel met wie sy soveel in gemeen het.

Aanvanklik bewonder Reitz vir Niggie. In die kerslig is Niggie se "hare rooibrons" (187), haar vel is "soos dik, wit melk. Onder haar vel loop die blou are ryk en geswel. Wanneer sy lag, sit haar kleinerige tande in ʼn effense ronde kurwe in haar mond. Haar liggaam is ferm, haar borste vol, haar bewegings langsaam" (187).

In teenstelling het Anna nie die stereotipiese verleidelike lyf van Niggie nie en ook nie ʼn innemende borrelende persoonlikheid nie. Sy is "skraler, kleiner as Niggie. Sy het geen blos op die wang nie. Sy dra hoofsaaklik swart. Haar swaar donker hare het reeds plek-plek grys in. Sy praat nie veel nie, maar wanneer sy praat, is haar sinne bondig en oorwoë" (187). Dit is egter by Anna wat Reitz geluk vind, al is dit kortstondig. In die volgende afdeling oor drome sal aangetoon word hoe Niggie deur middel van drome en slinkse uitsprake vir Reitz aangemoedig het om hom tot Anna te wend, al is sy getroud en gevolglik nie ʼn hubare opsie nie.

**Drome en die verskynings van trieksters**

Die teorie oor die interpretasie van drome in die sielkunde, kan herlei word na Sigmund Freud en sy eertydse student, Carl Jung. Freud het "geglo dat ons materiaal uit ons bewuste ervaring in die onbewuste stoor, om weer snags in ons drome op te duik". Jung was dit eens met Freud, maar het ʼn "argetipiese of kollektiewe element tot die onbewuste bygevoeg, wat veronderstel dat dit wat uit die onbewuste na vore kom van ʼn kreatiewe en outonome bron afkomstig is" (Frank 2004: 103).

In *Niggie* speel drome ʼn belangrike rol. Die ooglopendste is dié van die vroue wat in mans se drome manifesteer, al is hul nie fisies in die kamp teenwoordig nie. Drome dien ook as voorafskaduwings van toekomstige gebeure. In die teks kan woorde soos "onderwater" (45) na die onderbewussyn verwys soos Freud dit verduidelik, en dié onbewuste emosies kom tot uiting in die karakters se drome.

Reitz se skuldgevoel vorm die basis vir talle van sy drome. Hy stel hom voor: "Hulle word deur ʼn membraan geskei waarteen sy aandruk, en druk, om na hom toe deur te bars" (22). Reitz erken vir die eerste keer dat hy van ʼn vrou, wat hy dink sy oorlede vrou is, droom (74): "Iets met ʼn blinde, dowwe drang, wat deur sy drome en sy slapende bewussyn breek. ʼn Donker ding wat béúr, met ʼn motagtige behaardheid en ligte fladderings" (83). Dié droom eggo sy stelling dat sy deur ʼn membraan druk om na hom deur te dring. In dié droom kan die "motagtige behaardheid en ligte fladderings" verwys na die sensasie wat hy ondervind tydens sy droom of die metamorfose van haar nuwe geestelike vorm.

Ben droom telkens van dieselfde vrou (84) en probeer homself gerusstel deur die



04 Botha 03.pmd 56 7/24/2008, 2:22 PM

vraag te opper wanneer laas hulle ʼn vrou gesien het. Die antwoord is natuurlik lank gelede en Ben merk verlig op: "Ek wou net seker maak [. . .] want volgens my berekening is dit so lank gelede dat dit seker nie vreemd is dat ons in ons drome daarvoor begin kompenseer nie" (84). Dié regverdiging verduidelik egter nie die vreemdheid van die nagtelike besoeke van dieselfde vrou nie. Reitz vra onmiddellik of sy ʼn verehoedjie gedra het, maar hy "het nie so opgelet nie" (84). Dié antwoord opper die vraag of dit nie tóg die triekstervrou is nie? Die verehoedjie is egter nie van soveel belang nie, aangesien die triekster van gedaante kan verwissel.

Reitz voel dat hy nie meer "sielerus" (86) het nie: "Dis iets wat snags my slaap versteur [. . .] [d]is asof iets voortdurend my slaap wil binnedring" (86). Dit is van belang dat sy drome ná die boer se vertelling oor sy droom van die triekstervrou begin het. Dié gevoel dui waarskynlik op die skuldgevoel wat hy vir ʼn lang tydperk op kommando onderdruk het en wat nou deur sy nuwe omgewing waar niks sy aandag aflei nie, deur sy onbewuste beur na bo.

Dit is opvallend dat Reitz, meer as enige ander persoon, oor verskeie vroue droom, soos byvoorbeeld Bettie Loots. In sy droom is sy "aanvallig, en sy nooi hom uit om met haar geslagtelik te verkeer" (106–7). Dié belofte van vleeslike vervulling word egter telkens in die wiele gery deur die "verskyning van allerlei ongewenste persone" (107). Indien Bettie Loots ʼn voorloper vir Anna is, maak dit sin dat hulle geluk beëindig word deur die verskyning van ʼn ongewenste persoon, haar man Johannes.

Reitz droom op ʼn ander geleentheid van die triekstervrou met rooi hare, soos die triekstervrou met die verehoedjie in die boer se droom, maar ook in ʼn ander gedaante, van die welgevormde Niggie. Die maer vrou in swart verwys na Bettie Loots met haar versboekie en sy verwys op haar beurt na Anna wat maer is en hoofsaaklik swart dra. Dié droom kan egter gelees word as ʼn voorafskaduwing vir Reitz se belangstelling in Niggie wat nie beantwoord word nie, wat lei tot sy verhouding met Anna (110):

> In die nag druk ʼn vrou met rooi hare en ʼn verleidelike manier haar sagte liggaam wellustig teen Reitz aan. Toe hy haar wil omhels, is sy ineens ʼn ánder vrou – in swart geklee, afskuwelik vermaer. Teen haar vervalle bors druk sy iets vas, iets soos ʼn kind, maar klein en plat soos ʼn pakkie speelkaarte of ʼn verslete boekie.

Die verband tussen Bettie Loots en Anna word duidelik in een van Reitz se drome geopenbaar (192):

> Die nag droom Reitz dat hy Kosie Rijpma teëkom en Kosie sê vir hom: Ek het haar lief. Dit is nie duidelik van watter vrou Kosie praat nie, want daar is ʼn vrou met ʼn donker rok op die wa wat Anna kan wees, maar ook Bettie Loots – met skrynende maer armpies. Later haal Kosie Rijpma Bettie uit ʼn dosie, en sy skarrel weg soos ʼn kriekagtige insek. Dan lig Kosie ʼn vloerplank op en beduie dat Reitz moet kyk, maar Reitz het nie die moed om dit te doen nie.



04 Botha 03.pmd 57 7/24/2008, 2:22 PM

'n Bisarre draai in die droom is die metamorfose van Bettie Loots na die gedaante van 'n insek. Dié gegewe is moontlik relevant vir die trieksterfiguur wat van gedaante verander en 'n parallel kan hiermee waarskynlik getrek word met /Kaggen die triekstergod in /Xam-mitologie wat meestal die vorm van 'n bidsprinkaan aanneem. Hierdie droom kan ook verwys na Franz Kafka se *Metamorphosis* (1915) oor die jong reisende verkoopsman, Gregor Samsa, wat oornag in 'n insek verander.

Dit wil voorkom of die mans in die kamp hoofsaaklik oor vroue en die dood droom. Daar is Reitz se droom oor die dooies (161), sy droom van sy vroeggestorwe broer en sy oorlede vader, asook die droom oor "Bettie Loots, sy oorlede moeder (en) onbekende vroue" (183), maar nie weer 'n droom oor sy eie vrou nie. Dit is as gevolg van sy hardkoppigheid om teen die natuurlike orde van die kosmos op te tree en deur haar te dwing om na hom te kom, dat hy haar vir ewig verloor.

In Ben se drome sien hy sy vrou en kinders en dit lei hom om "die ergste (te) vrees" (164) en selfs Gert Smal het 'n nagmerrie en wanneer Reitz hom wakker maak merk hy net verleë op "[s]leg gedroom" (169) en kruip weer sy skerm binne. Nóg 'n verwysing na die dood is Niggie se woorde aangaande Ben se swak toestand ná sy skietwond: "God help hom – die oorkantste oewer lok hom" (181). Dié woorde dui op die rivier wat die ryke van die lewendes en dooies van mekaar skei.

Reitz droom ook van die lewendes soos Oompie (of dalk is Oompie teen dié tyd oorlede?) "wat glad soos 'n otter by 'n waterval opswem" (184). Dit is onnatuurlik om by 'n waterval "op" te swem – onmoontlik vir 'n gewone mens, maar in drome is enigiets moontlik. Dit kan moontlik dui op toekomstige moeilikhede, wat dan ook die geval met Reitz is. Dikwels droom hy van die oorlede Gert Smal, "altyd smalend besig met 'n takie, dikwels in die omgewing van sy eie vlak, toegepakte graf" (184). In die drome het hulle "verskillende skuilings – variasies op hulle skerms by die kamp" en hy droom "sy tande breek af in sy mond. Sy oogbank het 'n gat in en val in" (184). Dié laaste twee drome verwys onderskeidelik na Reitz wat waarskynlik veilig voel in sy nuwe situasie met Anna wat hom "beskerm" deur haar liefde van sy skuldgevoel oor sy vrou en in die tweede droom verwys sy ontbindende liggaam na 'n dreigende tragiese gebeurtenis – soos wanneer hy Anna verloor. Robinson en Corbett (1994: 112) se analise van dié soort droom bevestig ons interpretasie: "Whatever the nature of the decayed material, this dream is telling you that you've got some stormy weather ahead".

Anna droom van haar man. 'n Droom wat sy interpreteer as 'n voorspelling van haar man, Johannes se dood: "Ek het gedroom Marta sit op 'n wa. Die wa was op pad na die kerkhoffie. Johannes was langs die wa. Hy wou opklim. Die wa het stilgehou vir hom". Ná die droom het Anna 'n gevoel dat sy nie weer haar man sal sien nie. Tante probeer troos deur haar te herinner dat mens "nie altyd op hierdie gevoelens (kan) reken nie". Niggie voeg by, "[n]ie altyd nie, maar meesal". Anna is nie gerusgestel nie en verwys na 'n gevoel wat sy gehad het oor Marta en sy is drie weke later



04 Botha 03.pmd 58 7/24/2008, 2:22 PM

oorlede. Tante probeer weereens troos deur daarop te wys dat almal geweet het sy is siek en wéér negeer Niggie dié troos: "Ons het nie geweet sy is sterwend nie". Tante hou voet by stuk: "My kind […] jy kan jou nie so steur aan hierdie dinge nie – dis dikwels net voorspooksels" (200). Die twyfel het egter reeds posgevat, aangehelp deur Niggie se negatiewe kommentaar. Hierdie is nog 'n opsig waarin Niggie haarself openbaar as 'n triekster, deur in te speel op mense se vrese. Anna se droom oor haar man se dood is 'n keerpunt in haar lewe en kort hierna begin haar romantiese verhouding met Reitz. Aangesien dié droom so 'n beduidende rol in Anna se lewe speel, kan die leser nie help om te wonder of die triekster nie 'n hand in dié droom gehad het nie.

Jung se teorie oor *synchronicity* is dalk van toepassing op Anna se droom en die besoek, later dieselfde dag, van ou stryders met 'n lyk wat hul uitgeken wil hê. Die lyk is nie haar man nie, maar die verwagting was wel daar as gevolg van haar droom. Jung (1955: 36) verduidelik sy teorie oor *synchronicity* as volg: "[it] means the simultaneous occurrence of a certain psychic state with one or more external events which appear as meaningful parallels to the momentary subjective state – and, in certain cases, *vice versa*". Dié gebeurtenis het dalk nie gebeur terwyl Anna gedroom het nie, maar wel kort ná haar vertelling daarvan. Dié toeval kan gevolglik verstaan word as voorbeeld van Jung se teorie oor twee onverklaarbare gebeurtenisse wat met mekaar verband hou en as toevallig beskryf word.

Soos reeds genoem, kan Anna deur haar drome voorafskaduwings van die dood herken en toe Reitz hiervan hoor by Niggie, en weereens ná Anna se droom, is sy vir hom mooi "soos 'n tussenganger mooi is tussen die lewendes en die dooies" (200). Wanneer Reitz haar oor dié gawe nader, verklaar sy dat sy geen konneksie met die dooies het nie: "Tot my vreugde én tot my verdriet" (206). Sy is vinnig om dié punt uit te wys, want sy dink Reitz wil haar hulp hê om weer in aanraking met sy oorlede vrou te kom.

Reitz droom van die dooies en lewendes, die drome is geil of nagmerrieagtig met Bettie Loots wat in "soveel gedaantes na hom" kom en vroue wat "onkuise voorstelle" maak. Hy droom "Gert Smal en die ander dooies flikflooi met die lewendes. In sy drome is dit geen uitgemaakte saak wie oorleef het en wie nie". Op dieselfde tema van die dood, droom Reitz van 'n "dooie met verskrompelde en swartgebrande ledemate, sy gesig bedek met 'n dun, nat, blou vlies soos 'n geboortesak, waaronder die starende oë en star mond steeds effens sigbaar is" (213). Dié droom kan miskien verwys na dié wat in die kamp doodgebrand het (indien hulle in dié vuur omgekom het) óf dit is moontlik 'n uitwys na Reitz se tragiese toekoms.

Wanneer Reitz na hul ou kamp terugkeer, slaap hy in 'n grot en droom dat hy stemme hoor, maar weet terselfdertyd dat hy die ander nooit weer sal sien nie (224–5). Dié voorgevoel word bewaarheid na hy aan die afloop van die oorlog die ander nooit weer opspoor nie.



04 Botha 03.pmd 59 7/24/2008, 2:22 PM

Reitz en Anna vertel aan mekaar hul drome. Reitz wil "hê sy moet vertel dat sy gedroom het dat sy en haar man mekaar nie weer sal sien nie – soos die keer in die kombuis, toe dit nog nie vir hom saak gemaak het nie" (240). Sy droom in teenstelling dat sy op reis gaan, by "vreemde bestemmings aankom, kinders teen haar vasdruk. En wanneer die dooies wel by haar aansluit, is dit haar ma en haar pa, dikwels haar suster, maar nooit weer haar man nie. Soms droom sy van landskappe, van plante en blomme – so anders as hy" (240). Dit is opvallend dat Reitz nie saam met Anna op reis gaan nie en dalk dui dit op hul verhouding se ongelukkige einde wanneer haar man van die oorlog terugkeer en Reitz haar gevolglik vir ewig kwyt is.

Reitz se drome is nie so vreedsaam nie: "Ek het gedroom ons word almal weggevoer na ′n strafkamp. Selfs my ou ouers, wat lank reeds dood is. In die droom is daar geen kleur nie, alles is wit. Ons moes alles agterlaat". Anna verbind dié droom met die dood: "Wanneer ′n mens sterf […] moet jy alles agterlaat" (241). Weereens kan dit dui op die feit dat hy Anna moet agterlaat wat "alles" in sy lewe vir hom beteken.

Anna se drome verander mettertyd na iets donkerder. Sy droom van ′n "vrou se kop wat sy in haar hande dra. Die kop het reeds begin ontbind. Daar is bloed aan haar hande daarvan. Die reuk van ontbinding is so erg dat haar maag saamtrek asof sy wil braak." Die ergste is, vertel Anna, die "vrou was my naamgenoot" (241). Dié laaste opmerking verpersoonlik dié droom en dit is byna of Anna weet sy en Reitz se geluk is kortstondig, veral indien dit in verband met Reitz se droom van ontbinding gebring word.

In teenstelling hiermee droom Reitz ′n wonderlike droom van sy vrou: "Sy is omgewe van lig – asof sy deur ′n koel, blou oggendlig gebaai word. Sy straal ′n ongeskonde teerheid, ′n boweaardse skoonheid uit". Hy wil na haar gaan, maar in die droom "slaag hy nie daarin om die afstand tussen hulle te oorbrug nie" (241). Dié droom suggereer dat sy oorgesteek het na die ander kant, heel waarskynlik die hemel en dit is te danke aan Reitz en Anna se verhouding waar hul liefde sy skuldgevoel oor sy vrou verdring het.

Bogenoemde droom van sy vrou se geestelike transformasie kontrasteer op ironiese wyse met Reitz se eie situasie. Reitz droom ′n "dooie lê in ′n geskrewe sirkel en kerm vir water – ′n vreemde, onmenslike geluid. Die ander draai geskok weg. Net hy bied vir die man kalkagtige water aan. Water wit van kalkagtige neerslae. Hy skrik wakker, want dit is hy wat kerm" (242). Die geskrewe sirkel kan moontlik na ′n magiese ritueel verwys en die kalkagtige water na troebel tye wat voorlê. Dié verwysing na die magiese kan in verband gebring word met die triekster wat Reitz tot op dié punt van eensaamheid lei. Die feit dat hy geïsoleer is in die sirkel en almal van hom wegdraai, kan ′n voorspelling van sy onafwendbare lot wees – ′n lewe sonder Anna. Die kontrasterende gegewe van ′n "dooie" wat kerm, kan dui op Reitz se toekomstige lewe. ′n Lewe as ′n enkeling met geen hoop of liefde nie – ′n lopende, pratende, asemhalende lyk.



04 Botha 03.pmd 60 7/24/2008, 2:22 PM

Nóg ʹn gevolg van Niggie se inmenging is Ben en Reitz se vervreemding van mekaar. Sy het Ben geïsoleer en op haar eie verleidelike slinkse manier ʹn wig tussen hulle ingedryf: "Maar Ben het verander, én Reitz het nie meer die vrymoedigheid om met hom hieroor (die droom van sy vrou) óf oor sy gevoelens vir Anna te praat nie" (241). Ben en Niggie se huwelik asook Niggie se swangerskap dien op tartende wyse as ʹn herinnering aan alles wat Reitz verloor het.

**Oompie: towenaar en trickster**

Oompie is ʹn enigmatiese en veelsydige karakter. Hy funksioneer as die byeman wat aan die kamp heuning verskaf (47), medisyneman (80), toordokter en siener. Hy is die een karakter wat direk in verband met die trieksterfiguur gebring word wanneer Gert Smal aan Ben en Reitz vertel: "Oompie ken baie trieks. Hy kan ook dinge vooruit sien" (42). Oompie eis egter betaling vir sy dienste en vra slu: "Het julle vir ʹn ou man iets lekkers?" (44).

Die heldersiende Oompie vertel vir Ben en Reitz feite oor hulself, hul beroepe en hul lewens. Hy fokus egter op Reitz met die woorde: "Een van julle is gekwel. Dit hang met gevoelens van skuld saam" (45). Dié insig in hul lewens, maar veral in dié van Reitz, open die deur vir toekomstige besoeke. Oompie het deur hierdie paar onverklaarbare insigte suksesvol daarin geslaag om die begin van ʹn web om Reitz te span, met die doel om sy ondergang te bewerkstellig. Dié rede is dalk té nihilisties, maar daar kan ook na Oompie se plan gekyk word as ʹn les om Reitz te leer om die dooies in vrede te laat, en gelyktydig sy skuldgevoel te verwerk. Oompie nooi Reitz op ʹn skelm wyse om weer te kom kuier: "Julle het nie dalk vir ʹn ou man iets – lekkers – in die *vooruitsig* nie" (46, ons kursivering).

Op die terugtog vertel Gert Smal hulle meer oor die geheimsinnige Oompie: "Die ou swernoot is so geil soos ʹn bokram! Hy vat kort-kort vir hom ʹn nuwe vrou" (46). Smal vertel verder dat daar op ʹn tyd baie vroue in die omgewing was en hulle nie kon voorbly om hom te voorsien nie (46). Oompie se kragte van profesie word gekoppel aan sy "bruide": "As hy en die nuwe bruid mekaar ʹn slag deeglik bewerk het [. . .] dan spreek die ou skarminkel met ʹn gevleuelde tong! In ʹn geil tyd profeteer hy soms dat die heuwels klap" (46). Smal erken dat dit nie meer so dikwels gebeur nie, want dit is nie meer "so maklik om hom in die voorsiening te hou nie. Daar is nie meer soveel jong Kaffermeide in die omgewing oor nie. Almal afgesterf óf na kampe weggevat óf so vermaer dat hulle nie meer aansienlik is nie" (46).[1] Dié laaste opmerking lewer kommentaar op die redelik onbekende historiese feit van konsentrasiekampe vir swart mense tydens die Anglo-Boereoorlog.

Die Bose tree sterk op die voorgrond in Gert Smal se vertelling oor Oompie se wellustige geaardheid en die verwysing na die bokram wat moontlik dui op Satan se befame bokpote. Oompie se gevleuelde tong herinner aan die priester, Esegiël, wat



04 Botha 03.pmd 61 7/24/2008, 2:22 PM

ook geprofeteer het. In Oompie se geval lei sy boodskap soos met Reitz en sy gestorwe vrou, byna na ondergang.

Oompie word verder uitgebeeld as 'n gevaar in Smal se vertelling dat die generaal Oompie in die berge hou, omdat hy nie 'n goeie uitwerking op die manne het nie: "Die manne begin dink hulle sien gesigte en hulle hoor stemme. Hulle dink hulle droom drome" (47). Smal verklaar openlik: "Die ou is eintlik 'n groot towenaar" (47). Die gesigte, stemme en drome is veral van belang wanneer daar gekyk word na Reitz se ontmoetings met sy oorlede vrou en ook die drome van Ben oor die triekstervrou.

In Oompie se agterkamer staan daar allerhande bestanddele, maar die interessantste is die glasflesse met hul vreemde inhoude, van die slangkop tot die kop van 'n mens wat in versterkwater gepreserveer word (91–3). Die pratende kop van 'n swart man wat die einde van die oorlog voorspel, maar nie die stryd nie, kan moontlik gekoppel word aan die profetiese Esegiël wat ook voorspellings kon maak. Dié gegewe skakel verder ook met die idee dat Esegiël met Nelson Mandela vereenselwig kan word. Hierdeur verwys "die stryd" na die swart bevrydingstryd tydens die apartheidsera in Suid-Afrika.

Die pratende kop se voorspellings lei Reitz verder langs die pad van die magiese en die Bose, sodat hy vir 'n derde maal na Oompie terugkeer. Oompie antwoord Reitz se versoek, om hom met sy oorlede vrou in aanraking te bring, met die vermaning: "Reitz moet besef [...] dat jy met die dooies in verbinding kom teen 'n helse prys soms. Want die dooies in die skaduryk behoort liefs onopgeroep te bly" (97). Dié vermaning is egter net skyn, want Oompie beplan dié ontmoeting al van die eerste maal toe hy Reitz ontmoet het en gevra het of hy iets lekkers in die vooruitsig vir hom het (46). Dié vermaning of eerder waarskuwing kan ook gesien word as omgekeerde sielkunde wat eerder Reitz aanspoor om dit wat verbode is, te doen.

Oompie het streng reëls aangaande die mengsel se gebruik (98), maar die belangrikste is dat hy wat Reitz is die prosedure "nie meer as drie aande na mekaar herhaal nie". Hy moet die mengsel wat oorbly, dan begrawe (99). Dié noukeurige instruksies, veral met die magiese getal drie, herinner aan sprokies waar die held deur sy eie hardkoppigheid en 'n tragikomiese verloop van omstandighede, dié reëls verontagsaam met katastrofiese gevolge.

Reitz skeur versigtig 'n bladsy uit sy joernaal en skeur dit in drie stukke om die mengsel van Oompie daarin op te rol en te rook (99). Dit is van belang dat hy 'n bladsy uit sy kosbare joernaal gebruik, want die joernaal is sy oorlewingsmeganisme wat hy ten slotte verloor, soos ook sy oorlede vrou se geestelike teenwoordigheid. Dit is, behalwe vir die één droom waarin sy weer aan hom verskyn, voor sy finaal buite sy bereik verdwyn.

Reitz se ontmoetings met sy vrou verloop nie soos beplan nie. By elke ontmoeting blyk dit dat hy nader aan haar kom, maar telkens word hy teleurgestel met ernstige fisiese en psigiese gevolge (vergelyk 103, 105, 107–9, 111–6, 123–5). By die laaste ontmoe-



04 Botha 03.pmd 62 7/24/2008, 2:22 PM

ting verdrink hy byna, na hy ′n stem hoor (moontlik Oompie) wat vir hom sê om te spring (116). Die rivier is simbolies van die rivier tussen die lewe en die dood, Hades, wat Klaas Steytler in *Ons oorlog* (2000) die Swart Rivier noem. Oompie se waarskuwing dat die dooies eerder met rus gelaat moet word, blyk ná dié episodes geldig te wees.

Die unieke van Steytler se teks wat in *Niggie* ook neerslag vind, is die betreding van (soos in *Ons oorlog*) of bloot die poging tot kontak met ′n geliefde (soos in *Niggie*) in die doderyk om versoening te bewerkstellig. In beide hierdie romans kry die proses ′n psigoanalitiese aspek soos die karakters nie net die dode- of skaduryk betree nie, maar terselfdertyd hul binnekamer om die gebeure van die verlede met die hede te versoen.

In Reitz se pogings om met sy oorlede vrou vrede te maak in die skaduryk van die dood, of ten minste in die ruimte tussen die wêreld van die lewendes en die wêreld van die dooies te betree, word daar kreatief ingespeel op Steytler se *Ons oorlog* (2000), waar Niemand met sy moeder probeer vrede maak. In Steytler se roman betree Niemand egter werklik die doderyk en vaar oor die Swart Rivier na die ander kantste oewer.

**Esegiël: raaiselagtige karakter en triekster**

In teenstelling met die trieksters wat reeds bespreek is, is Esegiël behulpsaam en verleen op verskeie tye aan die ander hulp. Hy doen al die werk in die kamp, hy bou die skerms, hy vul ontbrekende datums en veldslae in wanneer Gert Smal vashaak en hy red Abraham met sy eie mengsel medisyne. Reitz kom tot die besef dat Esegiël ′n "boodskapper is, ′n tussenganger tussen die ryke van die skadu en van die lig" (120) en Ben se koorsagtige mymerings weens sy skietwond eggo dié sentimente. Hy beskou Esegiël as "die engel van die dood" (177).

Wanneer jong Abraham erg verswak, roep Gert Smal vir Esegiël nader, "kom my ou swarte [...] bring jou toorgoed" (168). Ná Abraham die medisyne gedrink het, is hy sigbaar meer ontspanne. Gert Smal sê triomfantlik: "Kaffermedisyne [...] [m]aar dit werk" (169). Dit is opvallend dat Smal in die eerste geval wanneer hy Esegiël se hulp benodig na hom as "swarte" verwys en na hy die hulp ontvang het, degenereer sy aanspreekvorm weer tot "kaffer".

Esegiël is oënskynlik onderdanig, soos byvoorbeeld dat hy eers gaan "slaap as Gert Smal hom aansê om dit te doen" (80). Gert Smal "klap die swart man met vingers uit die skaduwees nader" (168) en wanneer hy vir Abraham die medisyne gee staan hy "onderdanig gebukkend met die bekertjie in sy een hand; met die ander hand ondersteun hy sy uitgestrekte hand" (168). Esegiël is egter in verskeie aspekte dié mense se meerdere. Hy is geniaal op die vlak van Boeregeskiedenis en Bybelkennis (kyk 62, 167), hy is ′n toordokter, ′n briljante bouer en het ′n mooi diep stem (50), om maar ′n paar voorbeelde te noem.



04 Botha 03.pmd 63 7/24/2008, 2:22 PM

Foster wys daarop dat die trieksterfigure, Esegiël, Oompie en Niggie se regte name nie bekend is nie, maar net is wat almal hulle noem (178). "Binne baie kulture is daar 'n geloof dat die besit van 'n voorwerp se 'regte' naam 'n mens beheer oor daardie voorwerp gee. Só gee kennis van 'n persoon se regte naam enigiemand anders 'n mate van mag oor daardie persoon" (Foster 2005: 79). Die feit dat dié karakters se ware name onbekend is, is 'n "aanduiding van hul trieksterstatus" (Foster 2005: 79), nie "alleen omdat dit impliseer dat hulle mag het oor die ander karakters nie, maar ook omdat dit 'n vloeibare identiteit impliseer. Die trieksterfiguur se identiteit word dus nie vasgepen deur middel van naamgewing nie" (Foster 2005: 79).

Dit wil voorkom asof alles ten slotte net 'n droom is, want niemand kan die waarheid, of eerder Reitz se gegewe bevestig nie. Reitz vra twee maal vir Jeremia uit oor Esegiël, maar Jeremia ontken dat hy al ooit van hom gehoor het (kyk 188, 216). Reitz vra ook vir Niggie-hulle uit na Oompie, maar hulle dra geen kennis van hom nie en alhoewel hulle verlangs van generaal Bergh weet, het hulle hom nooit hier teëgekom het nie (197).

Die feit dat Reitz ná die vredesluiting dokumentasie oor die oorlog nagaan en geen verwysing na Abraham Fouché, Willem Boshoff, Kosie Rijpma, Japie Stilgemoed, generaal Bergh of sy groep vind nie, of ooit weer iets van hulle verneem nie (250), wek die vermoede dat dié mense uit die geskiedenisbladsye gewis is. 'n Parallel met Christoffel Coetzee se *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998) kan nie misgekyk word nie, waar die fiktiewe generaal Mentz ook uit die geskiedenis gewis is oor sy wandade.

Na aanleiding hiervan kan 'n mens spekuleer oor die moontlikheid van 'n ander, dalk onheilspellender interpretasie van die slot: dat die hele oorlogsondervinding net 'n droom was. Niemand bly ten slotte oor om Reitz se verhaal te bevestig nie. Ben kan miskien sommige feite staaf, maar weens sy spraakgebrek kommunikeer hulle slegs deur middel van briewe. Ben is gevolglik nie 'n betroubare klankbord vir Reitz se ondervindinge nie. Die roman sluit af met meer vrae as antwoorde en uit dié raaiselagtigheid sou mens die skrywer ook as 'n "triekster" kan beskryf.

In *Niggie* gebruik Winterbach die San-mitologie gebaseerde storie "Riet-alleen-in-die-roerkuil" as interteks. Dit kom na vore in Ben se woorde: "Net hier is hulle vuurtjie doodgemaak" (25). Dié formulering speel intertekstueel in op die slotreëls van Eugène Marais (1927: 10) se dwaalstorie, "Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil": "daar het hulle die vuurtjie doodgemaak van Riet-alleen-in-die-roerkuil". (Dit is bekend dat John Miles in *Kroniek uit die doofpot* (1991) ook hierdie Sanverhaal as interteks op intrige-vlak gebruik). Hierdie interteks dui op die outeur se kennis van die Khoi-Sankultuur.



04 Botha 03.pmd 64 7/24/2008, 2:22 PM

**Trieksterfigure in die Khoi-Sankultuur (met neerslag in *Dwaalstories*)**

Die verhale van /Kaggen is reeds in 1911 (heruitgawe 1968) deur W. H. I. Bleek en Lucy Lloyd opgeteken in *Specimens of Bushman Folklore*. In 1924 het D. F. Bleek, ′n verdere versameling van Bleek en Lloyd se verhale oor /Kaggen (*The Mantis*) geredigeer en gepubliseer as *The Mantis and his Friends*. Die opvallendste verskil tussen dié bundels is dat die eerste fragmentaries van aard is, soos Bleek en Lloyd dit direk uit die /Xam vertaal het, terwyl die tweede omskep is in verhale wat vlot lees, oënskynlik op ′n kinderlesersmark gerig, te oordeel aan die illustrasies van die diere en die weglaat van die /Xam transkriberings. Hierdie omskepping van die orale kultuur in leservriendelike tekste is ook te sien by G. R. von Wielligh se *Boesman-stories* (1919–21, vier dele) in Afrikaans. Die narratiewe gebundel in Bleek en Lloyd se 1911-uitgawe het tot ′n mate ′n vervreemdende effek op die leser weens die fragmentariese verhaalgegewe en sikliese gang van die vertellings. Hierdie soort vervreemding vind by sommige lesers van Winterbach se oeuvre ook plaas aangesien sy telkens meer eksperimenteel skryf (hoewel *Karolina Ferreira* en *Die boek van toeval en toeverlaat* wel sterker bindende intriges het, wat die verhaalgang bind). Human bring die trieksterfiguur /Kaggen in verband met kommandant Servaas Senekal. /Kaggen as "klassieke poetsbakker trek hy mense strepe, skeer op kwaaadwillige en dikwels obsene wyse met hulle die gek en verlekker hom in hulle teëspoed" (Human 2005: 70). /Kaggen word oor verbind met Gert Smal deur sy optrede, want Smal oortree "sosiale norme en taboes deur middel van hebsug, oordaad en oneerbiedigheid en word uiteindelik ook die slagoffer van sy eie trieks" (Human 2005: 71).

Vervolgens ′n kort oorsig oor Marais se dwaalstories om lig te werp op die inheemse Sankultuur en te wys hoe Suid-Afrika se inheemse kultuur, vergeleke met Europese mitologie en sprokies, ook triieksters in hul verhale gebruik. In dié opsig word daar verwys na /Kaggen, as /Xam-triekster. Die trieksterмotief manifesteer oral in *Niggie*, beginnende by die vrou "met die verehoedjie" en net soos /Kaggen, kan sy van geslag verander en in drome indring om die subjek se lewe te beïnvloed. /Kaggen verwissel egter nie net geslagtelik van gedaante nie, maar verander in diere soos in die verhaal "The Mantis assumes the form of a Hartebeest" (Bleek & Lloyd 1968: 2–16).

*Dwaalstories* bestaan uit vier kort Boesmanverhale en word beskou as die hoogtepunt in Marais se oeuvre. Hulle is oorspronklik in *Die Boervrou* tussen Mei en Augustus 1921 gepubliseer en in 1927 as *Dwaalstories en ander vertellings* gepubliseer (Kannemeyer 1984: 235). Johann en Renée Marais (1998: 663) merk dat hierdie vier tekste in "die kader van die mondelinge verteltradisie staan". Volgens Marais het hy hierdie vertellings by ene "Hendrik" gehoor tydens sy sporadiese verblyf op die Van Rooyens se plaas Rietfontein in die Waterberg vanaf 1907 tot 1917, en het hy dit opgeteken soos dit aan hom vertel is (Marais & Marais 1998: 663). Hierdie stelling van Marais, waarin hy Hendrik as die outeur noem, het gelei tot spekulering van wie nou eintlik wat bygedra het tot die stories: wat is Marais se aandeel en wat is Hendrik s′n?



04 Botha 03.pmd 65 7/24/2008, 2:22 PM

Volgens J. C. Kannemeyer (1988: 92) beweeg Marais se verhale op ′n "artistiek veel hoër vlak as die tipiese 'dwaalstories' en toon ′n verwantskap met die bekende motiewe van die Wes-Europese sprokiesliteratuur". J. P. Smuts (1972: 297) stem saam met Kannemeyer dat hierdie stories "forerunners of modern experimental work" is, veral deur hul "integration of the fantastical".

Hoewel Marais uitgebreid aan Bleek en Lloyd erkenning gee in sy voorwoord tot *Dwaalstories* (1927) is die verhaalinhoud waarvan hy gebruik maak, nie bekend uit die Bleek en Lloyd narratiewe nie. Waarskynlik sien ons hier iets deurskemer van die orale San narratiewe bekend in die Waterbergse streek van die Noord-Transvaal soos hy dit daar gehoor het. Die vorm van sy stories is egter wel tiperend van die orale tradisie van die San (herhaling, parallelisme, konkrete taalgebruik, musikaliteit in die taalgebruik, en die besondere onwesterse naamgewing van mense en plekke). Ook die kulturele verwysingsraamwerk is duidelik na ′n jagter-versamelaar ruimte, en gekleur deur die San se denkwêreld en perspektief (kollektiewe optrede, ondergeskikte posisie van individu tot die gemeenskap, soos in die verhaal oor Klein-Riet-alleen). Miskien het ons hier ′n laaste glimps op die orale tradisie van die Noord-Transvaalse San, en hul nou lank verlore narratiewe verhale? Soos weergegee deur Marais wat na eie getuienis nog van die verhale kon hoor by "ou Hendrik" en dit opgeteken het? Waarom anders sou hy so uitgebreid skryf oor Bleek en Lloyd se projek, en so eksplisiet duidelik maak dat hy die verhale uit die mond van die bejaarde Hendrik gehoor het? En waarom anders sou die verhale so verskil van die ander tradisionele verhale wat hy geskryf het? Dit is waarskynlik die enigste logiese afleiding te make: Marais gee variante van die San orale narratiewe weer, soos hul voorgekom het in die destydse Noord-Transvaal. En hy verwerk dit in ′n esteties bevredigende vorm. Hoeveel hy verwerk het, en hoeveel "ou Hendrik" vertel het, is nou onagterhaalbaar, maar die verskille in die aard van hierdie *Dwaalstories* ('n spesifieke genre in die San narratiewe-skat, volgens Marais, wat in alle opsigte ′n baie akkurate en wetenskaplike optekenaar was van alles wat hy waargeneem het) en sy ander meer tradisionele verhale, is so opvallend, dat dit opsigself al boekdele spreek oor die herkoms van *Dwaalstories* (Van Vuuren 2008).

"Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil" sluit aan by die basiese patroon in Europese sprokies, naamlik waar die held ′n opdrag kry om ′n belangrike taak uit te voer. Klein Riet ontvang die opdrag dat hy ′n boodskap oor die "groot gevaar" (Marais 1927: 8) wat die stam bedreig, aan Rooi Joggom moet oordra. Klein Riet word egter telkens verlei en gedwarsboom deur die towenares, Nagali, se verteenwoordigers en moet dan, soos die helde van Europese sprokies hierdie struikelblokke oorkom om in hul taak te slaag. In tipiese Europese styl is daar dan ook drie struikelblokke. Die een gevaarliker en oortreffender as die vorige een.

Dit val op hoe na ′n Afrika-sprokie aan ′n Europese een is. Die universele formules en elemente wat in albei openbaar word, is merkwaardig. Of hierdie ooreenkomste te



04 Botha 03.pmd 66 7/24/2008, 2:22 PM

make het met die Nederlandse setlaars is te betwyfel, maar tog 'n moontlikheid. Of is dit soos Marais self sê: "Al die stories het ten minste die suggestie bevat van 'n reeks verhaalagtige gebeurtenisse – net só 'n suggestie as wat nodig is om die lewendige verbeelding van 'n kind kragtig te roer. Iemand wat belang stel in die sielkunde van die kind, sal gou besef waar die aantrekkingskrag van die storie sit" (Marais 1927: 5). Is Marais hier besig om die stelling te maak dat daar universele sielkundige behoeftes by mense bestaan? Indien wel, bevestig dit net weereens sy status as vooraanstaande wetenskaplike.

**Trieksterfigure in die Zoeloe-tradisie**

In die Zoeloe orale tradisie manifesteer die triekster as Uthlakanyana. Ds. Canon Callaway (1970: 3) vertaal die legende van Uthlakanyana direk uit die Zoeloes se orale vertellings:

> Uthlakanyana is a very cunning man; he is also very small, of the size of a weasel. This man was despised constantly among those people, whom he used to deceive, and from whom he sprang; for they thought they could not be deceived by a child – they could be deceived by a man as big as themselves. Therefore, through not understanding him, that he had not grown because he was overweighted by cunning and wisdom, and so was undersized, and became a contemptible dwarf, they habitually despised him at all times [...] [h]e was called also Ukcaijana-bogconono, Mathlab'-indoda-i-s'-emi. The word Ukcaijana signifies a little red animal, which has a black-tipped tail. And this animal is cleverer than all others, for its cunning is great.

Uthlakanyana kon praat voor hy gebore is en vanuit die baarmoeder geprofeteer (Callaway 1970: 6). Hy het geëis om gebore te word en het onmiddellik na geboorte gefunksioneer soos 'n volwassene – praat, loop, eet en vertoon fisiese krag. Wanneer sy moeder die naelstring wil sny, weier hy en doen dit self. Hy verduidelik aan haar: "I too am old. I am a man of the council" (Callaway 1970: 7). Daar is verskeie stories van sy bedrieglike weë: Hy steel by die ander mans in sy gemeenskap vleis, hy steel voëls uit ander se strikke, hy bedrieg sy moeder die koningin en hy fnuik die kannibaal se moeder en kook haar in 'n groot kastrol, om maar 'n paar te noem (Callaway 1970: 9–10, 12–3, 14–7, 17–20). Dié Zoeloe-triekster vertoon ooreenkomste met die Xhosa kulturele triekster, Tokkelossie.

**Die mitologiese figuur van Tokkelossie in die Xhosakultuur**

Hierdie ooreenkomste is nie net omdat hy ook van gedaante kan wissel nie, maar ook weens sy fisiese grootte en intimiderende houding. Thys Human (2005: 67) betoog dat



04 Botha 03.pmd 67 7/24/2008, 2:22 PM

volgens sy navorsing kan die triekster in die "algemene spreektaal" verwys na: "Iemand wat doelbewus moeilikheid maak of vir ander poetse bak; Iemand wat ander mense dinge laat glo wat nie waar is nie; 'n Onnutsige bo-aardse wese wat in die volksverhale van talle (oer)kulture voorkom en soms onderskei word deur sterk biologiese drange en oordrewe geslagsorgane". Tokkelossie is dalk nie 'n triekster in die klassieke opvatting van die term nie, maar volgens bogenoemde kriteria val hy in dié kategorie veral dalk in die algemene opvatting dat die Tokkelossie 'n "besonder groot roede" beskik wat dikwels "so groot (is) dat hy dit oor sy skouer ronddra" en "geslagsverkeer" met vroue (Coetzee 1941: 14, 17; www.tokoloshe.tk).

Daar is nog drie groepe dade waarvoor die Tokkelossie bekend is. Hy kan blykbaar hulpvaardig optree, maar beskik nie oor die mag "om lewe te neem of om te genees nie" (Coetzee 1941: 17). In die derde groep het hy die vermoë om onsigbaar te word. In die opsig "handel hy uit eie beweging, en dan is hy meestal 'n terggees: hy suip beeste en bokke uit, hy steel snags melk in die strooise" en hy pla "dikwels die volwasse melkers deur onsigbaar saam te melk aan die ander spene tot groot vermaak van die veewagtertjies vir wie se oë dit nie verborge is nie". Hierdie stuitige, prettige dwergie vind ook neerslag in kinderverhale oor dié figuur (kyk Scholtz 2004). Hy kan egter ook van gedaante verander en "loop veral snags rond om kwaad te doen". Hy is die "bringer van siektes" en "steel ook lyke". In die vierde groep is die Tokkelossie "nie gewoonlik vry nie, maar hy tree op as boodskapper of as eiendom van 'n heks of towenaar". In die gedaante voer hy die opdragte uit wat aan hom opgedra is, soos byvoorbeeld "om siekte te bring, dood te maak deur te verwurg, om 'n pak slae te gee, of om gif in die slagoffer se kos te gooi" (Coetzee 1941: 18).

Daar word onder meer vertel dat Tokkelossie 'n kwaadwillige watergees of kort harige dwerg is wat vrees in mense se harte aanwakker. Hy het slegs een arm en een been met 'n oumansgesig en 'n seun se liggaam. Volgens Abel Coetzee word daar ook vertel dat "die een helfte glad is [...] en die ander helfte harig" en ook dat hy "half-mens en half-dier is" (Coetzee 1941: 13). Sy harige pels is pikswart en reflekteer geen lig nie. Inteendeel absorbeer hy blykbaar lig, want indien hy 'n vertrek binnegaan, word dit donkerder. Hierdie pels is ook die rede hoekom mens hom nie sal raaksien as hy in skaduwees wegkruip nie. Hy kan ook blykbaar onsigbaar word deur 'n klippie te sluk (sien *Wikipedia*; www.tokoloshe.tk). Scholtz verwys ook in sy verhale oor die Tokkelossie na die *magic pebble* wat in die geval deur die Tokkelossie gevryf word en terwyl hy 'n towerspreuk uitspreek die "hairy form of the Tokoloshe slowly begins to dissolve into a misty, ethereal shape and suddenly the ghostly figure disappears" (Scholtz 2004: 7). Dit is opvallend dat in die Xhosakultuur net soos ander orale kulture sekere elemente herhaal word in verskeie weergawes van dieselfde karakter. 'n Minder bekende mite oor die Tokkelossie is dat daar manlike en vroulike geslagte is met hulle eie kinders (Coetzee 1941: 15).

Die mite van die Tokkelossie dien ook as bangmaakstorie wat ouers aan hul kinders



04 Botha 03.pmd 68 7/24/2008, 2:22 PM

vertel om gehoorsaamheid af te dwing. In sommige van dié verhale is die Tokkelossie ′n kannibaal wat stoute kinders eet en baie hoog kan spring, selfs met ′n kind onder die een arm (sien bespreking van die "Tikoloshe" op *Wikipedia*). Coetzee dui daarop dat Tokkelossie ook in wit gemeenskappe bekend was, maar daar was hy meestal bekend as "kinderskrik" (Coetzee 1941: 39). Volgens hom is die beste beskerming teen dié dwerg "′n goeie gedrag" (Coetzee 1941: 37). Hierdie vreesaanjaende aspek word ook bevestig deur ander wat die Tokkelossie as die Suid-Afrikaanse weergawe van die *bogeyman* beskou wat ′n kort, harige, demoniese kreatuur is wat deels in die mistiese ryk bestaan wat aan dit die vermoë verleen om in geestesvorm te verskyn (www.scifi.com).

Ander glo weer die Tokkelossie kan nie spring nie en daarom slaap hul op beddens wat op bakstene rus – net buite die bereik van die bose dwerg. Die krag van geloof kan egter nie misken word nie, want daar is sprake dat venynige mense die hulp van die Tokkelossie inroep om ander te na te kom. Dié bose "gees" kan volgens mites siektes veroorsaak en selfs tot slagoffers se dood lei In die mediese woordeboek afdeling van *The Free Dictionary* op die web word die Tokkelossie beskryf in terme van Afrika tradisionele medisyne/gesondheid: " in traditional South African healing, an evil spirit believed to cause accidents and misfortune".

Een verklaring vir die Tokkelossie is dat dit ′n zombie dwerg is, wat opgewek is deur ′n volwasse lyk se tong en oë uit te sny en′n vuurwarm ysterpen in sy kopbeen te steek. Die hittige ysterpen laat die lyk krimp en lewe word deur middel van ′n geheime poeier by die mond ingeblaas. Ongeag, hoe die Tokkelossie tot stand kom, sal daar ′n familielid binne ′n jaar sterf in ruil vir hierdie onnatuurlike lewe wat gewek is (sien www.tokoloshe.tk).

Die mite van die Tokkelossie is ′n integrale deel van die Suid-Afrikaanse kultuur. Sommige neem hierdie mite ernstiger as ander op, maar dit is onbetwisbaar een van die bekendste figure in die Afrikakultuur en mitologie.

**Ten slotte**

Dit is duidelik dat die droomtema ′n prominente rol in die vorming van karakters in *Niggie* speel. Dit is deur hulle drome dat hul diepste vrese en verlangens geopenbaar word, maar dit is ook die medium waardeur hul deur die trieksterfiguur verlei word. Die trieksterfiguur in Winterbach se roman deel ooreenkomste met trieksterfigure uit verskeie mitologieë, maar hulle toon veral ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse orale tradisie. Hierdeur kan afgelei word dat Winterbach heel moontlik haar inspirasie vir hierdie fassinerende element hier te lande gevind het, te oordeel na die gedaantewisseling van Tokkelossie (en ook na ander Afrika-trieksters), wat aan die een kant vreesaanjaend is in die gedaante van ′n bose gees en aan die ander kant neerslag vind in kinderverhale as ′n plesierige en stoute dwerg. In dié opsig kan



04 Botha 03.pmd 69 7/24/2008, 2:22 PM

ooreenkomste getrek word tussen die verskillende gedaantes van die trieksterfigure in *Niggie* en hoe sommige pyn en 'n gevoel van verlies opwek (soos die vrou met die verehoedjie) en ander hulpvaardig optree (soos in die geval van Esegiël). Hierdie dubbele natuur dui op die diverse aard van die trieksterfiguur wat ten goede of ten kwade aangewend kan word. Winterbach benut dié dualiteit ten volle, want nie net skep sy een "grys" trieksterkarakter soos Niggie (wat nie duidelik 'n goeie of slegte karakter is nie), maar sy skep talle karakters wat as triekster optree en so die leser se aandag enduit boei met die raaisel van wie eintlik die triekster in die verhaal is.

**Aantekening**

1. Alle raspejoratiewe wat hier aangehaal word, het bloot ten doel om 'n juiste beeld van die tekste te bied.

**Bronnelys**


Bleek, D. F. (ed.). 1924. *The Mantis and his Friends*. Cape Town: Maskew Miller.

Bleek, W. H. I. & Lloyd, L. C. (eds.). 1968 [1911]. *Specimens of Bushman Folklore*. Cape Town: C. Struik.

Brink, André P. (Samest.). 2000. *Groot verseboek 2000*. Kaapstad: Tafelberg.

Callaway, Canon. 1970 [1868]. *Nursery Tales, Traditions and Histories of the Zulus, in their Own Words, with a Translation into English, and Notes* (Volume 1). Westport, Connecticut: Negro Universities Press.

Canonici, Noemio Noverino. 1995. *Tricksters and Trickery in Zulu Folktales*. Unpublished Ph.D. dissertation. Durban: University of Natal.

Coetzee, Abel. 1941. *Tokkelossie. Bydrae tot die Afrikaanse Volkskunde en Taalkunde*. Pretoria: J. L. van Schaik.

Coetzee, Christoffel. 1998. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. Kaapstad: Queillerie.

Cowles, Kristi. 1998. *Shagbark Hickory Spirit*. CD-Rom. Lake Geneva, Wisconsin, USA: Singing Wolf Productions.

*Encyclopedia of Myths*. [A]. Tricksters. <www.mythencyclopedia.com/Tr-Wa/Tricksters.html.> Toegang: 4.07.2008.

Finnegan, Ruth. 1976 [1970]. *Oral Literature in Africa*. Kenya: Oxford University Press.

Fontana, David. 2003 [1993]. *The Language of Symbols*. London: Duncan Baird Publishers.

Foster, Lenelle. 2005. Die grenservaring is belangrik: Trieksters in vier romans van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach. *Stilet* XVII (2): 68–86.

Freud, Sigmund. 1977 [1953]. *The Interpretation of Dreams*. Trans. James Strachey (ed.). Harmondsworth: Penguin.

Frank, Elzan. 2004. *Die droomboek*. Vert. Riëtte Botma. Kaapstad: Human & Rousseau.

Hollimon, Sandra E. 2001. The gendered peopling of North America: Addressing the antiquity of systems of multiple genders. In Neil Price (ed.). *The Archeology of Shamanism*. London: Routledge.

Human, Thys. 2005. 'n Rooikopvrou met 'n verehoedjie? Die manifestasie(s) en rol van die trieksterfiguur in Ingrid Winterbach se *Niggie. Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans,* 12 (1): 65–85.

John, Philip. 2004. Meer dydelikhyt oor die punch en die vis: 'n Vergelyking van *Niggie*, *Daar's vis in die punch* en *Eilande*. *Literator*, 25 (1): 23–46.

Jung, C. G. 1955 [1952]. *Synchronicity. An Acausal Connecting Principle*. Trans. R. F. C. Hull. London: Routledge & Kegan Paul.

Kafka, Franz. 1972 [1915]. *Metamorphosis*. Trans. Stanley Corngold (ed.). New York: Bantam.

Kannemeyer, J. C. 1988. *Die Afrikaanse Literatuur, 1652–1987*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Marais, Eugène N. 1927. *Dwaalstories en ander vertellings*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

Marais, Johann Lodewyk & Marais, Renée.1998. Eugène Marais. In H. P. van Coller (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (Deel 1). Pretoria: J.L. van Schaik, 657–71.

Miles, John. 1991. *Kroniek uit die doofpot*. Johannesburg: Taurus.





04 Botha 03.pmd 70 7/24/2008, 2:22 PM

Ripinsky-Naxon, M. 1993. *The Nature of Shamanism: Substance and Function of a Religious Metaphor*. Albany: State University of New York Press.

Robinson, Stearn & Corbett, Tom. 1994 [1975]. *The Dreamer's Dictionary*. New York: Warner Books.

Saladin D'Anglure, B. 1992. Shamanism and transvestism among the Inuit of Canada. In A. I. Gogolev (ed.). *Shamanizm kak religiia*. Yakutsk: Yakutsk University.

Scholtz, Pieter. 2004. *Tales of the Tokoloshe*. Illustrated by Cherie Treweek. Cape Town. Struik.

Scifi. [A]. Tokeloshe. <www.scifi.com/destinationtruth/creatures/tokeloshe>. Toegang: 4.07.2008.

Smuts, J. P. 1972. Eugène Marais as prosaïs. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* XII (4): Desember: 297–305.

Steytler, Klaas. 2000. *Ons oorlog*. Kaapstad: Tafelberg.

*The Free Dictionary.* [A]. Tokolshe. <http: //medical-dictionary.thefreedictionary.com/tokoloshe>. Toegang: 3.07.2008.

*Tokoloshe*. [A]. The Tokoloshe (Tokolosh, Tokoloshi, Thokolosi, Tikaloshe) Africa's Brownie. <www.tokoloshe.tk>. Toegang: 3.07.2008.

Van Coller, H. P. (red.). 1998. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis.* Pretoria: J. L. van Schaik.

Von Wielligh, G.R. 1919–1921. *Boesman-stories* (vier dele). Kaapstad: De Nationale Pers.

*Wikipedia, the Free Encyclopedia*. [A]. Tikoloshe. <http: //en.wikipedia.org/> Toegang: 3.07.2008.

*Wikipedia, the Free Encyclopedia*. [A]. Trickster. <http: //en.wikipedia.org/> Toegang: 10.07.2005.

Winterbach, Ingrid. 2002. *Niggie*. Kaapstad: Human & Rousseau.



04 Botha 03.pmd 71 7/24/2008, 2:22 PM